Heimlike moord voor die regbank van die Here

Teks: Matteus 5: 21 - 26 & Sondag 40
Teksvers: Matteus 5: 22

1. Inleiding

In ons leerdiens vandag sluit ons aan by ons eerste preek. In ons eerste preek, was moord duidelik op die voorgrond. Of dan ten minste die gedagte van moord deur Haman. Maar alhoewel moord ’n gedagte by Haman was, kry hy nooit die geleentheid om dit deur te voer nie. Maar wat leer ons uit die woord van God oor moordgedagtes? Want ons dink so maklik dat wanneer ons tog maar net nie fisiese moord gepleeg het nie, het ons die sesde gebod gehoorsaam.

Maar wanneer ons vanoggend by Jesus Christus self gaan leer, sien ons daar is meer. In teksgedeelte is Jesus besig om te onderrig in Galilea. En natuurlik is daar onder die aanhoorders, mens wat ’n uitweg kom soek het. Mense wat ’n ligter om makliker pad na verlossing kom soek. Want die wetsonderhouding van die Fariseërs en skrifgeleerdes rus swaar op hulle.

Maar Christus bring nie aan die wêreld maar goedkoop beeldpoetsergeloof nie. Dit is nie ’n geval van maar net die vrot kolletjie bietjie toe verf nie. Nee, die Here haal die snymes uit. Die Chirurgiese mens, sodat daar werklik genesing van diep binne kan kom.

Daarom maak ons vanoggend in diepte kennis met die gebod wat ons so maklik in onskuld laat verby gaan. Die gebod om nie moorde te pleeg nie, aktief en dan ook om net die lewe te bewaar passief, verg soveel meer as wat ons eintlik dink.

Daar is veral 3 maniere waarop die mens amper daagliks onbewustelik besig is om moord te pleeg. Ons kyk hoe ons teksvers hierdie 3 maniere beskryf.

2. Kwaad vir my broer

Die eerste deel van ons teksvers lei dat elkeen wat kwaad is vir sy broer strafbaar is voor die regbank. Hier is twee dele aan hierdie sinsnede. Die eerste handel oor die oortreding en dan die tweede oor die verantwoording daaroor vir gesag. Kom ons begin by die oortreding. Ons weet dat liefde ’n baie belangrike plek in die Christelike geloof inneem. Daarom is dit natuurlik geen verassing dat die teenoorgestelde daarvan, naamlik haat geen plek het in die geloof nie.

Maar onmiddelik kan ons vra of haat of net die komponent van kwaad word, dan werklik so swaar gestraf moet word? Of dit werklik verdien om in die lig van Moord gesien te word. Tog is hierdie beskouing heeltemal in lyn as ons na die gebod in die geheel kyk. Dit is presies ook wat Christus doen wanneer Hy mense in ons teksgedeelte onderrig oor dit tien gebooie. Met die geheel bedoel ons die hele pad van die oortreding van die gebod. Van dat dit net ‘n gedagte in die oortreder se kop is tot verby die skuldig bevinding verby. Dit is ook presies die manier waarop Christus met kuisheid en die ander gebooie in ons teksgedeelte handel.

Met moord begin dinge gewoonlik met voorbedagte rade, soos ons vandag juridies daarna verwys. Mense gaan vermoor nie hulle vriende waarvoor hulle lief is nie. Nee daar is eers ‘n haat in die hart teenoor daardie mens. En dit is wat Christus ook sê, jy is reeds strafbaar, al het jy nou net op die pad van moord begin stap.

Maar dit is die twee deel van hierdie sinsnede wat moeilik is. Wie is die regsbank waarvan Christus praat? Dit is hier waar hierdie sonde moeilik is. Ons kan nie mekaar maklik voor die wêreldse regsbank sleep, waar konkrete bewys nodig is bring nie. Veral nie oor iets wat in ’n mens se gedagtes aangaan nie. Die regsbank hier verwys daarom na die hoogste oordeel wat die Almagtige Vader self gevel word.

3. Jou Raka

Die tweede manier waarop die sesde gebod gebruik kan word, is wanneer ons, ons broer Raka noem. En dit is dan strafbaar voor die Sanhedrin, volgens die grondteks. Hier word aan die regbank ’n identiteit gegee. Die Joodse Raad, of dan Sanhedrin was die hoogste hof van die Jode. Dit het bestaan uit 71 lede, leierpriesters afkomstig uit die Sadduseërs die vernaamste Joodse families en die skrifkenners wat meestal Fariseërs was. En dan die dienende hoëpriester wat die voorsitter was.

Maar wat beteken dit om jou broer Raka te noem. Want Raka is nie meer ’n woord wat ons vandag ken of gebruik nie. Die antieke Aramese woord wat Christus hier gebruik het ’n sterk verband met “leeg”. Die is ook duidelik uit antieke bronne dat hierdie ’n skeldverwysing is. Dit verwys daarna om jou broer as ’n nikswerd uit te kryt. Iemand wat van geen waarde is nie. Daarom is dit ’n manier om die mensheid of menswees van jou broer te ontken.

Dit is om die beeld van God in jou broer heeltemal mis te kyk. En eintlik om jou broer gelyk aan laer vorme van lewe te stel. ’n Mens hoef nie baie ver te dink om te sien hoe hierdie benadering in moord kan eindig nie. Maar net voor ons moderne mense uit ’n hoogte onsself verontskuldig, die volgende.

Hierdie is ongelukkig ’n gebruik wat baie lewendig en aktief ook in ons samelewing vandag is. Dink maar hoe maklik wil mense die vermoë om te dink en besluite te neem, weggneem van ’n groep mense. Maar selfs nog meer algemeen as dit. Hierdie gebruik lê ingebed in negatiewe humor. Wanneer ek vir my broer of suster lag wanneer hulle ’n dom ding aanvang of seerkry. Hulle is per slot van sake in die beeld van die Here geskape, en nie net daar om ons te vermaak wanneer hulle sukkel nie. Daarom moet ons mooi dink wanneer ons weer wil sê ek grap net.

4. Jou dwaas

Die laaste oortreding van die sesde gebod waarvan Jesus ons onderrig,” is as jy jou broer uitskel vir ’n idioot is dit strafbaar met helse vuur. Weereens is daar geen geheim oor die regbank in hierdie bepaling nie. Uiteindelik is dit net die oordeel van die Here, die toorn van God ’n mens in die ewige hel kan laat beland. Maar voor ons onself so maklik vryspreek, wat beteken dit om jou broer uit te skel as ’n idioot of dwaas.

Dit is weereens iets wat vandag bietjie meer algemeen is. Mens wat uit ’n intellektuele hoogte afkyk op die gepeupel. Anders as die vorige oortreding, word jou broer hier gesien as ’n mens. Maar dan as dom mens. ’n Mens met geen waarde vir die samelewing. Weereens hoef nie ver te dink om te sien hoe hierdie siening kan eindig in moord nie.

En weereens hoef ons nie ver te soek om voorkomste om ons waar te neem nie. Die konstante stryd op sosiale media, vir die waarheid is ’n voorbeeld hiervan. Die eenvoudige afskiet van my broer se opinie as minderwaardig in vergelyking met my eie. Laastens vind ons hierdie saak maklik in allesomvattende oortuigings wat ons soms huldig. Die apostel Natanael vra Johannes 1:46 : “Kan daar uit Nasaret iets goeds wees?” In hoogmoed skryf hy Nasaret en almal daarin af. En in die proses loop hy amper die Messias mis.

Laastens word die misbruik van enige gawe van die Here nooit oorgesien nie. Ek kan nie enige gawe waaroor ek beskik gebruik om neer te sien op iemand wat minder van daardie gawe het nie. Dit is ook uiteindelik die oortreding van die sesde gebod, soos vraag 107 van Sondag 40 onderstreep.

5. Slot

Ons kan hierdie preek afsluit deur terug te keer na Jesus se woorde in inleiding. “As julle getrouheid aan die wet nie meer inhou as dié van die skrifgeleerdes en die Fariseërs nie, sal julle nooit in die koninkryk van die hemel ingaan nie.” Ons weet dat die skrifgeleerdes en Fariseërs heilig voorgekom het in die oë van die volk. Daarom die bekommernis in hierdie uitspraak. Die bekommernis van hoe ek as gewone swakkeling ooit gered sal word.

Tog weet ons ook uit Jesus se gereelde konfrontasies met die Fariseërs dat hulle geloof, maar meestal uit beeldpoetsery bestaan het. Witgeverfde grafte is die verwysing wat Christus gebruik in Matteus 22:27. Dit ook die boodskap uit vandag se teksgedeelte. Ons kan nie sondige denkrigtings diep binne ons wegsteek en verwag dat die Here nie daarvan weet, of dit veroordeel nie.

Tog bedoel Christus uiteindelik dat ons getrouheid groter as die skrifgeleerdes en Fariseërs s’n moet wees. Dit lê uiteindelik ten diepste in die feit dat hulle nie vir Christus as die enigste verlosser aanvaar het nie. Ons as sondige mense is ook te swak om dit enigsins uit ons eie te doen. Maar dan kom die Heilige Gees in genade en werk die Verlossing in die Here in ons. Hierdie Verlossing red ons heeltemal van binne en buite, stel ons in staat om werklik ook in dankbaarheid die sesde gebod te kan onderhou.

Hoe lyk die onderhouding van die sesde gebod in jou lewe vandag?

Amen